

Klassieke Feëverhale

Repelsteeltjie



Eendag Lank Gelede

Was daar 'n arm meulenaar wat net een dogter gehad het.
Sy was baie mooi en hy het baie mense van haar vertel.



Eendag het die koning deur die dorp gery. Die meulenaar wou bitter graag die koning beïndruk. "U Hoogheid, my dogter is baie mooi en slim," het hy gesê. Maar die koning het geen kennis geneem nie.



"Sy kan ook strooi in goud spin!" het die meulenaar gelieg. "Jou dogter moet baie slim wees. Bring haar môre na die paleis sodat ek self kan sien," het die koning geëis.



Die meulenaar het dit nie gewaag om aan die koning ongehoorsaam te wees nie, so die volgende dag het hy sy dogter na die paleis gebring.



Die koning het die meisie gelei na 'n kamer vol strooi. Op die vloer het 'n stoeltjie en 'n draaiwiel gestaan. "Spin hierdie strooi in goud teen more oggend, of jy sal in die tronk gegooi word," het die koning gesê. Toe het hy die kamer verlaat en die deur gesluit.




Die arme meulenaar se dogter gaan sit toe op die stoel en kyk na al die strooi om haar. Sy het bitterlik gehuil oor die onmoontlike taak wat voor haar gelê het.



Ewe skielik het die deur oop gespring en die vreemdste mannetjie wat sy nog gesien het, het binne gekom.

“Hoekom huil jy?” het hy gevra.

“Ek moet al hierdie strooi in goud spin voor die oggend, maar ek weet nie hoe nie,” het die meisie hartseer geantwoord.



“As jy vir my jou mooi halsnoer gee, spin ek die strooi in goud,” het die vreemde mannetjie gesê.


“O dankie!” het die meisie gehug, en sy het haar trane afgegee en die halsnoer aan die mannetjie gegee.



Die mannetjie het voor die spinwiel gaan sit en aan die werk gespring.



Die hele nag lank het die mannetjie getol en teen die oggend was die kamer vol goudrolle. En net so skielik as wat hy verskyn het, het die vreemde manetjie verdwyn.



Toe die koning daar aan kom, was hy verbaas om soveel goud te sien. “Jy het baie goed gevaar,” het hy gesê, “maar ek wonder of jy dieselfde ding weer kan doen?”



Hy het meulenaar se dogter na 'n baie groter kamer geneem. Dit was ook gevul met strooi.

“Draai hierdie strooi in goud teen more oggend, of jy word in die tronk gegooi,” het die koning gesê en weer het hy die meisie in die kamer toe gesluit.



Die meulenaar se dogter was baie bang. Die vreemde mannetjie het weer voor haar verskyn. "Moenie huil nie," het hy gesê. "Gee my jou blink ring en ek sal die strooi in goud spin."

Sy het haar ring grasieus oor gehandig en die mannetjie het aan die werk gespring.



Weereens is al die strooi in goud verander.

Die koning wou nog een keer probeer. "As jy dit weer kan doen, sal jy koningin wees!" het die koning geroep.



Die arme meulenaar se dogter het hierdie keer nog bitterlik gehuil toe die koning weg is.

“Hoekom huil jy?” het die mannetjie gesê toe hy vir die derde keer verskyn het. “Jy weet dat ek jou sal help.”



“Maar ek het niks meer om vir jou te gee nie,” het die meisie gesnik.

“As jy koningin word,” het die mannetjie geantwoord, “kan jy vir my jou eersgebore kind gee.”

Die desperate meisie het ingestem tot die mannetjie se versoek.



En weereens het hy al die strooi in goud gespin. Die koning was so verheug toe hy die volgende dag die goud sien dat hy sy belofte na gekom het en met die meulenaar se dogter getrou het.



Die nuwe koningin was baie bly en het gou vergeet van die belofte wat sy gemaak het aan die vreemde mannetjie wat haar uit die tronk gered het.



'n Jaar later het die koning en koningin 'n pragtige baba seuntjie gehad.



Een aand laat het die mannetjie in die koningin se slaapkamer verskyn terwyl sy oor haar slapende baba gewaak het.

“Ek is hier vir jou baba,” het hy gesê. “Net soos jy belowe het.” Die koningin was verskrik. “Ag asseblief, vat eerder al my juwele en geld,” het sy gesmeek. “Nie my seun nie!”



“Nee,” antwoord die mannetjie. “Jy het 'n belofte gemaak. Maar Ek sal jou drie dae gee. As jy in daardie tyd my naam kan raai, dan sal jy jou baba behou.”

Die desperate koningin het ingestem.



Die volgende dag het sy boodskappers regoor die koninkryk gestuur om al die seuns se name te versamel wat hulle kon kry.



Daardie aand het die vreemde manetjie weer verskyn en die koningin het die name wat sy versamel het voor gelees.

Maar ná elke naam het hy net gelag.



Die volgende dag het die koningin haar boodskappers uit gestuur om nog meer name te kry...



... en daardie aand het sy die nuwe name voor geles toe die mannetjie verskyn. Maar weereens was die koningin se raaiskote verkeerd.



Op die derde dag was die arme koningin in wanhoop, dit het later geword toe haar laaste boodskapper terug gekeer het.

“U Hoogheid, ek het geen name gekry nie,” het hy gesê, “maar toe ek deur die woud terug gekeer het, het ek 'n klein mannetjie gesien wat om 'n vuur gedans en gespring het, en 'n lied gesing het.



Dit het so gegaan:

***‘Die koningin sal nooit my roem wen nie, want
Repelsteeltjie is my naam!’***



Die koningin was verheug!

Toe die mannetjie daardie aand verskyn het, het die koningin gesê: “Word jy dalk Repelsteeltjie genoem?”



Die mannetjie was woedend. Hy het so hard met sy voet gestamp dat dit deur die vloer gegaan het. Toe trek hy aan sy bene totdat hy vry was, en storm uit die kamer en is nooit weer gesien of van gehoor nie.



En die koning en koningin en hulle seun gelukkig saam gelewe.

Die Einde



